

Wendy Roos vier 50ste jaar as haarkapster

Salon Geody is al ombekend vir hul vriendelikheid, warm koffie of tee en altyd bereid om kliënte te help. Hier stap jy in windverwaaid en stap jy uit getooi en "getease".

'n Drukkie vir 'n bedrukte siel, raad vir 'n kopseer en 'n oor om te luister. Niks is ooit te veel vir die twee haarkapsters wat altyd regstaan om te help nie.

Wendy Roos is gebore in 1952 in Florida Johannesburg. Sy verhuis na Heilbron op ses-tienjarige ouderdom. Sy doen hare onder Tannie Oba Naudé (Pienaar).

Op agtienjarige ouderdom tree Wendy in die huwelik met George Roos. Op negentien

pak sy die enorme taak aan om haar eie salon oop te maak onder die naam Salon Geody (George & Wendy). Uit die huwelik is drie kinders gebore. George (Jnr), Janelle en Rachelle.

Rachelle studeer ook as haarkapster nadat sy skool verlaat en skakel onder haar moeder Wendy in as mede-haarkapster terwyl George Jnr. inskakel by sy vader se familiebesigheid. Janelle het verhuis na Nieu-Seeland. Salon Geody word ook die Salon in die dorp wat die meeste kinders grootmaak nl. nege.

Wendy kry in 1985 haar Meesterssertifikaat in Hillbrow, Johannesburg in Haarkappery. Sy is ook geregistreer om opleiding te bied aan vakleerlinge in Haarkappery.

Wendy wat tans ses-en-sestig jaar oud is vier haar vyftigste jaar as haarkapster in Heilbron.

Aftree is nog nie eers ter sprake nie. Hier word volstroom hare gedoen, ses dae 'n week.



Op die foto vl: Wendy Roos en Judy Kemp, een van haar gereelde kliënte.

Tuinbouergadering

Woensdag, 11 September
10:00 by Fraaihuis Kwekery

Sprekers:
Chris Smit van Efeko
Christi Liebbengu van
Bark Compost (Varing Kwekery)

RSVP voor 9 September by
Louise van der Westhuizen
072 125 8828

Almal is baie welkom!

9	2	6	3	4		7	1
	5			2	6	4	9
	7		8		1		
			9			2	7
3	4	2					5
1						8	
6	8	5	4				1 2
		4			2	9	
	1		5	3	8		7

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Terugblik



HEILBRON HERALD, 9 FEBRUARIE 2007- NICO KUIER BY DIE DIENSSENTRUM

Mnr Nico en mev Naomi Moolman het 'n vol Heilbron Dienssentrumlokaal op Dinsdag 6 Februarie besoek, Mnr Moolman het sy boek "Kuiers in 'n Plaaskombuis" weer aan die gase bekend gestel en stukke daaruit voorgelees. Mnr Moolman se nuwe boek "Die Pienk Traaisikkel" is ook bespreek. Die skryftrant is grappig, alhoewel nostalgie duidelik deurskemer. Hy het kostelike deeltjies uit die boek voorgelees en resepte van toeka het soms glimlaggies na vore gebring. Op die foto vl: Mev Quarta Pretorius, Ria van Vuuren, Connie Pretorius, mnr Nico en mev Naomi Moolman. Die pragtige kunswerk op die foto is deur mev Moolman geborduur met geskiedkundige foto's en gebeure.



Wesdan Boerderye beskik oor die volgende pos:

Halfdag Administratiewe pos

Vereistes:

- Goeie administratiewe ondervinding sal tot voordeel wees.
- Moet rekenaarvaardig wees.
- Pligsgetroue, verantwoordelike, georganiseerde persoon word verlang.
- Matriek is 'n vereiste.
- Enige na-skoolse opleiding sal tot voordeel wees.

Stuur asb. CV's vir aandag -
Tsaats Hattingh
na die volgende e-pos adres:
hbh@carfone.net



Tenders word hiermee aangevra vir die verkoop van ondergraad Weipoeier, Afgeroomde melkpoeier en Karringmelkpoeier verpak in 25kg sakke, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Die tender periode sal strek vanaf 1 Oktober 2019 tot 30 September 2020.
2. Die tenders moet in rand en sent per sak uitgedruk word. Geen tender sal aanvaar word indien dit nie spesifiek 'n rand en sent bedrag bevat nie.
3. Produk sal voetstoots aan die suksesvolle tenderaar verkoop word.
4. Produk mag nie vir menslike gebruik aangewend word nie. Clover behou die reg voor om summier lewering te staak indien dit vasgestel word dat die produk vir menslike gebruik aangewend word.
5. Produk moet self deur die suksesvolle tenderaar by Clover se Heilbron fabriek afgehaal word.
6. Tenders sluit op 20 September 2019 om 16:00.
7. Die hoogste tender of enige tender sal nie noodwendig aanvaar word nie.
8. Die ooreenkoms wat met die suksesvolle tenderaar gesluit sal word is vir insae beskikbaar by Clover Heilbron.
9. Tenders moet in 'n verseelde koevert gemerk "Tender Ondergraad Poeier" gerig word aan:

Die Bestuurder
Clover
Posbus 79
Heilbron, 9650

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur

e-pos vir Silma by 083 363 6553 of 058 852 3033

E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za